
Rm 5:1: Regverdiging - die hart van ons verlossing

E202

Rm 5:1 : OMDAT ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus ..." (OAV).

Oorsig

Na sy inleiding en formulering van sy tema in 1:16-17, begin die apostel die leerstuk van regverdiging deur die geloof alleen sistematies uiteensit. Eerstens toon hy dat die ganse gevalle mensheid vanweë die universaliteit van sonde 'n dringende nood daaraan het (1:18-3:20). Dan, in 3:21-31, verduidelik hy kernagtig die essensie daarvan. In h.4 wys hy dan dat dit nie 'n nuwe ding is wat hy preek nie. Ook Abraham, die vader van die gelowiges, is so gered. Nie deur werke, of die besnydenis, of wetsonderhouding is hy geregverdig nie, maar deur die geloof alleen is Christus se volmaakte geregtigheid aan hom toegereken.

Die groot en omvattende tema van hoofstukke 5-8 is die onomkeerbare finaliteit en onwankelbare sekuriteit van die ware gelowige se redding - die een wat deur die geloof geregverdig is.

* Hoofstukke 6 en 7 is eintlik 'n onderbreking van hierdie tema, as die apostel sekere besware teen sy lering oor die volkomenheid van redding in Christus beantwoord. Hy stel hierdie besware aan die orde aan die hand van enkele retoriese vrae (6:1; 6:15; 7:7; 7:13).

* Maar in hoofstuk 8 hervat hy dan sy oorkoepelende tema oor die gelowige se ewige

sekuriteit in Christus. Kyk hoe begin hy: "Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie" (8:1). En waar in die ganse Bybel is daar 'n kragtiger beklemtoning van ons verlossing se sekere vervolmaking as in sy afsluiting van die hoofstuk (8:31-39)? G'n wonder nie dat die OAV dit die opskrif gee: "Oorwinningslied: God vir ons – wie sal teen ons wees?".

Terug na ons teks. In die eerste verse van hoofstuk 5 stel Paulus sy grootse tema onmiddellik aan die orde. Hy noem 3 gevolge of implikasies van regverdiging. Kyk hoe begin die gedeelte: "*Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is ...*" (5:1). Hierdie dinge is waar van almal wat deur die geloof alleen geregverdig is: ons is met God versoen; ons verkeer in 'n staat van genade; en die heerlikheid van God is ons sekere bestemming.

In verse 3-5 word ons dan verseker dat geen swaarkry ons uit hierdie sekuriteit kan losskud nie.

En in verse 6-11 verduidelik Paulus dan die rede waarom hierdie erfenis so onverganklik is: dis omdat ons verlossing volledig vanuit God is! Dis gebaseer op God se liefde vir ons. Hy het die inisiatief geneem toe ons nog Sy vyande was. En die prys wat Hy vir ons betaal het, was nie goedkoop nie - dit het die lewe van Sy geliefde Seun gekos.

Die apostel se argument kom hierop neer: as God dit alles gedoen het toe ons nog Sy vyande was, wat sal Hom nou, halfpad deur ons verlossing, laat tou opgooi? Hy is die ewig onveranderlike. Sy liefde is nie wispelturig nie. As alwetende het Hy ál ons gebreke tot in die fynste besonderhede vooruit geken. En les bes, as almagtige kan geen struikelblok Hom stuit om Sy voorneme uit te voer nie. Kyk net wat Hy reeds gedoen het om ons redding te verseker - wat is die uitstaande dan in vergelyking daarmee?

Ons teks nader bekyk

Soos reeds gesien, bring regverdiging deur die geloof ten minste drie dinge in ons lewens mee. Die heel eerste daarvan is vrede tussen ons en God.

Deur die geskiedenis soek die mens na vede: persoonlik, huislik, polities - dwarsoor die volle spektrum van ons bestaan. Maar geen vrede is so fundamenteel en belangrik soos vrede met God nie. En dit is die eerste vrug van regverdiging. Want daar is vyandskap tussen die gevalle mens en God.

* Sondaars - alle mense in Adam - verkeer onder God se toorn. Dit is trouens Paulus se fundamentele uitgangspunt as hy sy grootse boodskap in hierdie brief aanpak (1:18). Dis die rede waarom Paulus nie skaam is vir die evangelie nie - want dit verlos ons van God se toorn. Dis waarom regverdiging deur die geloof alleen vir elkeen van ons van die allergrootste belang is - want daarsonder is daar geen vrede met God nie.

Die grootste dilemma vir God was dít (as ons dit in respek so mag stel): hoe kon Hy uiting gee aan Sy liefde vir sondaars, sonder om Sy heilige toorn en geregtigheid geweld aan te doen? Hy sal immers nooit iets doen, as dit nie in volkome harmonie met ál Sy attribute plaasvind nie. Sy volmaakte oplossing vind ons in 3:25 (waar Sy liefde en toorn in intieme omhelsing verkeer): Sy toorn is volkome bevredig toe Sy Seun as strafdraende plaasvervanger in sondaars se plek gesterf het (die Griekse begrip wat hier met "versoening" vertaal word, *hilasterion*, kan waarskynlik nog beter vertaal word met die twee woorde, *strafdraende plaasvervanger*). Vir diegene wat in die geloof in Christus ingevlug het, is daar dus geen toorn meer nie. God se gesindheid teenoor hulle is een van absolute vrede, welwillendheid en behae.

* Maar ook die gevalle mens is vyandiggesind teenoor God. Sedert die sondeval wil elke onwedergebore mens niks met die ware God te doen hê nie (Gen 3:8-10). Só stel Paulus dit later in sy brief: "Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie" (8:7). Waarom is dit so? Die mens is 'n hardkoppige rebel teen God, en hy het 'n onbeteuelbare aptyt vir

sonde. Sy verstand is verduister, en hy het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hy hardnekkig in sy onkunde volhard. Hy het heeltemal afgestomp geraak en het homself met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee aan al wat vuil is (Ef 4:18-19).

Ja, die mens is ongeneeslik godsdienstig. Maar sy godsdiens is altyd selfgesentreerd. Hy maak homself altyd wys dat dit hý is wat met sý moraliteit na God toe opklim. Min dinge gee hom egter meer aanstoot as die ware waarheid oor God en Jesus Christus en die evangelie.

* Regverdiging en versoening loop dus hand aan hand. As God 'n mens regverdig verklaar, tree Hy meteen ook met hom of haar in 'n liefdesverhouding. Dit kán, want "regverdiging" beteken immers dat die betrokke gelowige se sondeskuld deur Christus betaal is, en dat Sý volmaakte geregtigheid aan die betrokke persoon toegereken is. Nog meer, regverdiging word in 'n mens se lewe 'n werklikheid deur geloof, en dié is 'n uitvloeisel van die wedergeboorte. En wedergeboorte is 'n innerlike herskepping wat jou God-vermydende hartsgesteldheid in 'n Godsoekende een verander.

As regverdiging plaasvind, het dit dus ingrypende effekte in 'n lewe. En die heel eerste vrug is 'n liefdesverhouding tussen God en mens!

Omdat baie mense oortuig is dat hulle vrede met God het, terwyl dit nie so is nie, is dit uiters noodsaaklik om seker te maak dat ek en jy dit werklik het. Hoe herken ek dus hierdie vrede?

* Word my verhouding met God deur vrede en versoening gekenmerk? Het ek Hom waarlik lief? Is 'n lewe sonder Hom vir my ondenkbaar? Word alles in my lewe, elke dag, gekleur deur my toewyding aan Hom? Het ek tot rus gekom in Christus? Ons praat nie hier in die eerste plek van 'n emosie nie, maar van my denke en oortuigings. Weet ek dus in my diepste wese dat die mens se allerantwoord in Christus is, en dat ek dit gevind het?

* Is ek oortuig van God se liefde vir my, ten spyte van al my swakhede en mislukkings in my navolging van Christus. Staan ek weer en weer in verwondering oor Sy genade? Bou ek dus my ewige sekuriteit in wat die Here gedoen het en sal doen, en nie in hoe ek vaar nie. Is my oë voortdurend op Christus en Sy verdienste vasgenaël?

* Kan ek die aanklagte van my gewete en van die satan weerstaan? Ken ek die oorwinning waarvan Op 12:11 praat: "En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie"? (OAV).

* Kan ek my komende dood en verskyning voor die regterstoel van die Here met kalmte en versekering in die gesig staar? Is ek dus oortuig dat God se toorn teen my sonde reeds uitgewoed is op Golgota, en dat die regterstoel vir my in die teken sal staan van blydschap en die ontvangs van loon?

* Is dit vir my 'n lewenshartstog om 'n bydrae te lewer tot die uitdra van die evangelie so ver en wyd as moontlik? Is die vrede met God so 'n proefondervindelike realiteit in my lewe dat ek weet dat massas mense om my dit nie het nie en dus nog onder Sy toorn verkeer? Begeer ek met my hele hart om hulle te help om hierdie vrede te verkry?

* Is dit vir my 'n saak van innerlike pyn dat sovele antagonisties gesind is teen die Here en Sy waarheid? Ontstel dit my as invloedryke mense dinge sê wat mense mislei en die ware geloof ondermyn? Verlang ek intens na 'n Geesgewerkte herlewing wat mense by die duisende in die koninkryk sal inveeg?

Ten slotte

Let daarop dat die apostel vrede met God as die heel eerste vrug van regverdiging vir ons voorhou. Die eerste vrug is nie blydschap en seën en 'n beter lewe nie; dis verlossing van die ewige verdoemenis.

As jy dit nie verstaan nie, sal jy dit beswaarlik kan ontkom om van God 'n lakei te maak wat na jou pype moet dans. Dan sal jy kort-kort aanstoot neem as jy nie kry nie wat jy dink jou toekom. Jou Christenskap sal grootliks in die teken staan van jou eie behoeftes wat sonder ophou bevredig moet word.

Natuurlik het God 'n behae daarin as ons weer en weer met vrymoedigheid drink uit Sy fontein van heil. Maar "vrymoedigheid" is hier 'n belangrike kwalifikasie. Dit beteken om ten spyte van jou diep belewinge van onwaardigheid tóg Sy goeie gawes te gaan haal - omdat jy oortuig is van die opregtheid van Sy uitnodigings en Sy volkome aanvaarding van Christus se plaasvervanging in jou plek.

As regverdiging en vrede met God nie 'n sentrale plek inneem in jou Christenskap nie, kan daar per definisie nie vrymoedigheid wees in jou verhouding met Hom nie. Uiteraars kan daar van voorbaarheid sprake wees.

Hierdie vrede verkry ons "deur ons Here Jesus Christus" (v.1). Het die apostels ooit moeg geword om ons te herinner dat alles, alles, alles van ewigheidsbetekenis, in en deur Hóm na ons toe kom? In Hom, alles; sonder Hom, niks nie! Mag die Heilige Gees ons help om dit nooit te vergeet nie; trouens, om steeds dieper en dieper onder die indruk daarvan te leef. Mag ons groei en bly groei in ons begrip, waardering en beleving dat Hy in die volste sin van die woord die Alfa en die Omega is, die Begin en die Einde. Kan daar iets belangriker vir 'n Christen wees?

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskrif die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 696 6526, 082 848 9396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906